

# Eiland-katte gejag in ysige nagte

Deur Andriette Stofberg

OP die eiland Marion, 2 300 km suidoos van Kaapstad in die Suid-Indiese Oseaan, is daar ses manne wat hael, ysreën, tierende stormwinde en temperature onder die vriespunt trotseer om die laaste deel van 'n groot reddingspoging te probeer afhandel.

Die doel: die voortbestaan van die geteisterde voëlbevolking en daarmee saam die herstel van die ekologie van die eiland.

Die metode: die uitwissing van die laaste van die nasate van die vyf huiskatte wat in 1949 as troeteldiere vir 'n span navorsers poot aan wal gesit het en toe – pure ramkat – tot meer as drieduisend aangeteel het.

Die middel: nagtelike jagtogte met twaalfboor-haelgewere.

Dit gaan goed met die veldtog om Marion-eiland te “bevry” van die katplaag wat die afgelope vier dekades ernstige ekologiese probleme veroorsaak het, sê mnr. Bernard Gaum van die subdirektoraat Antarktika en Eilande van die Departement van Omgewingsake.

Ná drie somers waarin op die katte jag gemaak is, het die getalle só afgeneem dat die einde van die veldtog nou in sig is. Maar dit beteken ook hef-aan van die moeilikste deel, omdat die oorblywende katte die “slimmes” is wat die jagers tot dusver die beste kon ontwyk.

En die gróóte probleem is dat die program nie afgehandel kan wees voordat die laaste kat dood is nie. As net één kat oorleef en dit is 'n dragtige wyfiekat, kan die eiland oor 'n paar jaar met dieselfde probleme worstel wat daartoe gelei het dat sulke drastiese maatreëls getref moes word.

Navorsing het getoon dat die katte só onder die voëllewe gemaai het dat die gewone duikstormvoël al so vroeg as 1965/'66 van die eiland verdwyn het. Net in 1975 het die katte na raming 450 000 grawende stormvoëls doodgemaak.

In April 1977 is 'n katgriepvirus onder die katte losgelaat. Teen 1982 was daar net sowat 600 katte oor, maar toe het die katte 'n weerstand teen die virus begin opbou.

Die voortgesette vernietiging van die voëlbevolking het ook tot ander ekologiese probleme gelei. Die katte het onder meer al hoe meer muise begin uitroei weens die afname in die aantal voëls en daar was ingrypende veranderinge in die lewe van die natuurlike roofdiere van die eiland.

As bykomende beheermaatreëls is besluit op jagtogte snags in die somerseisoen, wat van Augustus tot April strek. Die eerste fase is begin in die somer van 1986/'87.

Mnr. Gaum sê dit is uiters moeilik om ná die jagtogte van die afgelope drie somers te raam hoeveel katte oor is. Dit is egter beslis minder as honderd.

Met die oog op die afhandeling van die projek word jagtogte nou vir die eerste keer in die winter onderneem. Ses mans is daarmee besig.

Dit sal waarskynlik nodig wees om ook dié somer jagers na Marion te stuur. Omdat dit só moeilik is om die oorblywende katte te skiet, sal ander maatreëls soos die stel van strikke of jagtogte met behulp van honde dalk oorweeg word.

En dan is daar natuurlik die groot vraag: Hoe weet 'n mens wanneer die laaste kat dood is? Al raad is om die situasie voortdurend te monitor, sê mnr. Gaum.